

Vorms kragtens die Wet op Deeltitels

Insluitende wysigings soos op 3 April 2025 (Laaste wysiging was die invoeging van Vorm AU)

VORM A

[Vorm A geskrap deur GK R1422 van 1997.]

VORM B

Opgestel deur my

.....

TRANSPORTBESORGER

.....

(Vermeld volle naam en van in blokletters)

.....

(Vermeld Lidmaatskap Nommer van Regspraktykraad)

AANSOEK KRAGTENS ARTIKEL 11 (1) VAN DIE WET OP DEELTITELS, 1986

Ek, die ondergetekende, (naam van ontwikkelaar) doen hierby aansoek by die Registrateur van Aktes te om-

- *1 die opening van 'n deeltitelregister ingevolge die bepalings van artikel 12 (1) (b) van die Wet op Deeltitels, 1986, en die registrasie van die aangehegte deelplan ingevolge die bepalings van artikel 12 (1) (a) van genoemde Wet, ten opsigte van die skema bekend as LG No en gehou kragtens Titelbewys No T...../19.....;
- *2 die uitreiking van sertifikate van geregistreerde deeltitel ingevolge die bepalings van artikel 12 (1) (d) van genoemde Wet ten opsigte van die dele op voornoemde deelplan getoon;
- *3 die uitreiking van 'n sertifikaat van saaklike reg ingevolge artikel 12 (1) (e) van genoemde Wet ten opsigte van enige voorbehoud ingevolge artikel 25 (1);
- *4 die uitreiking van 'n sertifikaat van saaklike reg ingevolge artikel 12 (1) (e) van genoemde Wet ten opsigte van enige voorbehoud ingevolge artikel 25 (6A);
- *5 die uitreiking van 'n sertifikaat van saaklike reg ingevolge die bepalings van artikel 12 (1) (f) van genoemde Wet ten opsigte van 'n reg van uitsluitlike gebruik soos bedoel in artikel 27 (1);
- *6 die uitreiking van 'n sertifikaat van saaklike reg ingevolge die bepalings van artikel 12 (1) (f) van genoemde Wet ten opsigte van 'n reg van uitsluitlike gebruik soos bedoel in artikel 27 (1A).

Geteken te, op

.....
Handtekening van Ontwikkelaar

* Laat weg wat nie van toepassing is nie

[Vorm B vervang deur GK R2653 van 1991 en deur GK R1422 van 1997, gewysig deur GK R196 van 2013 en gewysig deur Regulasie 5 van GK R883 van 14 Augustus 2020.]

VORM C

Opgestel deur my

.....
TRANSPORTBESORGER

.....
(Vermeld volle naam en van in blokletters)

.....
(Vermeld Lidmaatskap Nommer van Regspraktykraad)

SERTIFIKAAT VAN GEREISTREERDE DEELTITEL UITGEREIK KRAGTENS ARTIKEL *12(1)(d)/25(11)(c) VAN DIE WET OP DEELTITELS, 1986

Ek, Registrateur van Aktes te sertifiseer
hierby dat die geregistreerde
eienaar is van 'n eenheid wat bestaan uit-

- (a) Deel No, soos getoon en volledig beskryf op Deelplan No SS in die skema bekend as ten opsigte van die grond en gebou of geboue geleë te +, van welke deel die vloeroppervlakte, volgens die voormelde deelplan, vierkante meter groot is; en
- (b) 'n onverdeelde aandeel in die gemeenskaplike eiendom in die skema aan genoemde deel toegedeel ooreenkomstig die deelnemingskwota soos op genoemde deelplan aangeteken.

Die eenheid is onderworpe aan of word bevoordeel deur-

- (i) die servitute, ander saaklike regte en voorwaardes, indien enige, soos vervat in die Bylae van voorwaardes bedoel in artikel 11 (3) (b) en die servitute bedoel in artikel 28 van die Wet op Deeltitels, 1986; en
- (ii) 'n verandering aan die gebou of geboue of aan 'n deel of aan die gemeenskaplike eiendom op genoemde deelplan getoon.

Geteken te op

.....
Registrateur van Aktes

(Ampseël)

* Laat weg wat nie van toepassing is nie

† Vermeld naam van dorp / stad of voorstad of dorpsgebied en plaaslike bestuur / beskrywing van plaas

[Vorm C vervang deur GK R2653 van 1991, gewysig deur GK R196 van 2013, gewysig deur GK R548 van SK38923 gedateer 30 Junie 2015, gewysig deur GK R427 van 2017, gewysig deur GK R774 van 2018 en gewysig deur Regulasie 5 van GK R883 van 14 Augustus 2020.]

VORM D

DEELTITELLÊER

Deeltitellêer No SS/20.....

Naam van skema

Plek waar gebou geleë is (d.w.s. vermeld naam van dorp / stad of voorstad of dorpsgebied en plaaslike bestuur / beskrywing van plaas)

[Vorm D vervang deur GK R2653 van 1991, vervang deur GK R427 van 2017, verang deur GK R774 van 2018.]

VORM E

[Vorm E geskrap deur GK R2653 van 1991.]

VORM F

Opgestel deur my

.....

TRANSPORTBESORGER

.....

(Vermeld volle naam en van in blokletters)

.....

(Vermeld Lidmaatskap Nommer van Regspraktykraad)

SERTIFIKAAT VAN SAAKLIKE REGTE KRAGTENS ARTIKEL 12 (1) (e) VAN DIE WET OP DEELTITELS, 1986

NADEMAAL (hierna die ontwikkelaar genoem) aansoek gedoen het om die registrasie van 'n deelplan ingevolge artikel 11 (1) van die Wet op Deeltitels, 1986,

*EN NADEMAAL die ontwikkelaar * homself/haarself die reg voorbehou het om die skema uit te brei soos in artikel 25 (1) van die Wet bedoel;

*EN NADEMAAL geen voorbehoud deur die ontwikkelaar ingevolge artikel 25 (1) van die Wet gemaak is nie en die regspersoon nog nie gestig is nie;

SO is dit dat ingevolge die bepalinge van genoemde Wet, ek, die Registrateur van Aktes te hierby sertifiseer dat die ontwikkelaar of * sy/haar opvolger in titel die geregistreerde houer is van die

reg om van tyd tot tyd binne 'n tydperk van vir *sy/haar persoonlike rekening †..... op te rig en te voltooi op die aangewese gedeelte van die gemeenskaplike eiendom soos aangetoon op die plan soos bedoel in artikel 25 (2) (a) van die Wet, in hierdie kantoor geliasseer, en: -

* om sodanige gebou of geboue in 'n deel of dele en gemeenskaplike eiendom te verdeel, en om die reg tot uitsluitlike gebruik oor 'n gedeelte van daardie gemeenskaplike eiendom te verleen aan die eienaar of eienaars van een of meer van dele in die skema bekend as ten opsigte van die grond en gebou of geboue geleë te ‡ en getoon op Deelplan No SS;

* om uitsluitlike gebruiksgebiede op of in bepaalde gedeeltes van die grond en geboue ingevolge artikel 5(3)(f) te skets en om die reg tot uitsluitlike gebruik oor daardie gebiede te verleen aan die eienaar of eienaars van een of meer dele in die skema bekend as ten opsigte van die grond en gebou of geboue geleë te ‡ en getoon op Deelplan No SS;

Geteken te op

.....

Registrateur van Aktes

Ampseël

* Skrap wat nie van toepassing is nie

† Vermeld watter regte, d.i. artikel 25 (1) (a), (b), (c) voorbehou word en vermeld elke reg in 'n aparte paragraaf indien sodanige reg onderverdeel is.

‡ Vermeld naam van dorp / stad of voorstad of dorpsgebied en plaaslike bestuur / beskrywing van plaas.

[Vorm F vervang deur GK R2653 van 1991 en deur GK R1422 van 1997 en gewysig deur GK R805 van 2011 en GK R196 in SK36241 gedateer 14 Maart 2013 en gewysig deur GK R548 van SK38923 gedateer 30 Junie 2015, gewysig deur GK R427 van 2017, gewysig deur GK R774 van 2018 en gewysig deur Regulasie 5 van GK R883 van 14 Augustus 2020.]

VORM G

Opgestel deur my

.....

TRANSPORTBESORGER

.....

(Vermeld volle naam en van in blokletters)

.....

(Vermeld Lidmaatskap Nommer van Regspraktykraad)

SERTIFIKAAT VAN SAAKLIKE REGTE: UITSLUITLIKE GEBRUIKSGBIEDE

[Ingevolge artikels 12(1) (f), 25 en 27 van die Wet op Deeltitels, 1986]

* NADEMAAL (hierna die ontwikkelaar genoem) aansoek gedoen het om die registrasie van 'n deelplan ingevolge artikel 11 (1) van die Wet op Deeltitels, 1986,

* NADEMAAL (hierna die ontwikkelaar genoem) aansoek gedoen het om die registrasie van 'n deelplan van uitbreiding ingevolge artikel 25 van die Wet op Deeltitels, 1986,

* EN NADEMAAL die reg van uitbreiding vestig in die regspersoon ingevolge artikel 25(6) van die Wet op Deeltitels, 1986,

* EN NADEMAAL die *ontwikkelaar / regspersoon ingevolge artikel 5 (3) (f) van genoemde Wet sekere uitsluitlike gebruiksgebiede op die deelplan geskets het;

* EN NADEMAAL geen voorbehoud deur die ontwikkelaar ingevolge artikel 27 (1) (a) van genoemde Wet gemaak is nie en die regspersoon nog nie tot stand gekom het nie;

SO is dit dat ek, die Registrateur van Aktes te, hierby sertifiseer dat die *ontwikkelaar / regspersoon die geregistreerde houer is van die reg op die volgende uitsluitlike gebruiksgebiede, naamlik †, wat deel vorm van die gemeenskaplike eiendom en as sodanig geskets is op Deelplan No SS in die skema bekend as..... geleë te ‡

Geteken te op

Registrateur van Aktes

Ampseël

* Skrap wat nie van toepassing is nie.

† Vermeld elke tipe uitsluitlike gebruiksgebied afsonderlik

‡ Vermeld naam van dorp/stad of voorstad of dorpsgebied en plaaslike bestuur/beskrywing van plaas

[Vorm G vervang deur GK R1422 van 1997, deur GK R438 van 2005 en deur GK R1109 van 2005, gewysig deur GK R196 van 2013, gewysig deur GK R548 van SK38923 gedateer 30 Junie 2015, gewysig deur GK R427 van 2017, gewysig deur GK R774 van 2018 en gewysig deur Regulasie 5 van GK R883 van 14 Augustus 2020.]

VORM H

Opgestel deur my

TRANSPORTBESORGER

(Vermeld volle naam en van in blokletters)

(Vermeld Lidmaatskap Nommer van Regspraktykraad)

TRANSPORTAKTE

Hierby word bekend gemaak:

Dat •..... voor my verskyn het te, behoorlik daartoe gemagtig deur 'n volmag aan hom of haar verleen deur gedateer die dag van en geteken te en genoemde komparant het verklaar dat-

(Voeg hier in die gepaste uiteensetting van die aard en datum van die transaksie of die omstandighede wat 'n transport nodig maak) en dat hy of sy in sy of haar voornoemde hoedanigheid

hierby in volkome en vrye eiendom sedeer en transporteer aan en ten gunste van

.....

*1. 'n Eenheid bestaande uit-

(a) Deel No soos aangetoon en vollediger beskryf op Deelplan No SS in die skema bekend as ten opsigte van die grond en gebou of geboue geleë te + van welke deel die vloeroppervlakte volgens voormelde deelplan vierkante meter groot is; en

(b) 'n onverdeelde aandeel in die gemeenskaplike eiendom in die skema, aan genoemde deel toegedeel ooreenkomstig die deelnemingskwota soos op die genoemde deelplan aangeteken.

Gehou kragtens ±

*2. Voeg hierin die beskrywing van die grond wat oorgedra word, die grootte daarvan en voldoen aan die bepalinge van die regulasies uitgevaardig kragtens die Registrasie van Aktes Wet, 1937 (Wet 47 van 1937), met betrekking tot die uitstrekkingsklousule en die voorwaardes waaraan die eenheid onderhewig is.

*3. Alle reg, titel en belang (vermeld hier die aandeel wat vervreem word indien dit nie die volle belang is nie) in die grond en gebou of geboue in die skema bekend as geleë te + welke belang bestaan uit § Deel No groot soos aangetoon en vollediger beskryf op Deelplan No SS en * 'n onverdeelde aandeel/onverdeelde aandele in die gemeenskaplike eiendom toegedeel ooreenkomstig die deelnemingskwota soos aangedui op die genoemde deelplan.

Gehou kragtens ±

Genoemde * eenheid/belang is onderworpe aan of word bevoordeel deur-

§(i) die serwitute, ander saaklike regte en voorwaardes, indien enige is, * soos vervat in die bylae van voorwaardes bedoel in artikel 11 (3) (b) en die serwitute bedoel in artikel 28 van die Wet op Deeltitels, 1986 (Wet 95 van 1986) / geëndoseer op die deelplan en die serwitute bedoel in artikel 19 van die Wet op Deeltitels, 1971 (Wet No. 66 van 1971); en

(ii) enige verandering aan die gebou of geboue of aan 'n deel of aan die gemeenskaplike eiendom aangetoon op die genoemde deelplan.

(iii) (Voeg in die spesiale voorwaardes geëndosseer teen die titel soos daarin opgeneem.)

Derhalwe word afstand gedoen van al die regte, titel en belang wat die transportgewer voorheen op genoemde eiendom gehad het en gevolglik ook erken dat die transportgewer geheel en al van die besit daarvan onthef is en nie meer daartoe geregtig is nie en dat, kragtens hierdie akte, genoemde transportnemer nou daartoe geregtig is, behoudens die regte van die Staat en erken hy/sy ten slotte (voeg hier in die * koopprys/verklarende waarde van die eiendom waar 'n koopprys nie van toepassing is nie/koopprys en die verklarende waarde waar die verklarende waarde van die eiendom meer is as die verkoopprys).

Onderteken, verly en met die amptseël bekragtig te op

.....
q.q. Handtekening van komparant

In my teenwoordigheid

.....

Registrateur van Aktes

* Laat weg wat nie van toepassing is nie.

† Vermeld naam van dorp/stad of voorstad of dorpsgebied en plaaslike bestuur/beskrywing van plaas.

‡ Vermeld tipe deeltitelbewys/e en die nommer(s) daarvan.

§ Vermeld elke eenheid in 'n afsonderlike paragraaf.

• Die Lidmaatskap Nommer van die Regspraktykraad moet tesame met die volle naam en van van die transportbesorger-komparant in die aanhef van die Transportakte verskyn.

[Vorm H gewysig deur R91 van 1988, vervang deur GK R2345 van 1990, deur GK R2653 van 1991, deur GK R1422 van 1997 en deur GK R438 van 2005 en GK R196 in SK 36241 gedateer 14 Maart 2013, gewysig deur GK R427 van 2017 en gewysig deur GK R774 van 2018 en gewysig deur Regulasie 5 van GK R883 van 14 Augustus 2020.]

VORM I

Opgestel deur my

.....
PROKUREUR/NOTARIS/TRANSPORTBESORGER

.....
(Vermeld volle naam en van in blokletters)

.....
(Vermeld Lidmaatskap Nommer van Regspraktykraad)

AANSOEK KRAGTENS ARTIKEL *15B (5) / 27(7)(a) VAN DIE WET OP DEELTITELS, 1986

Ek, *eienaar/mede-eienaar van
..... (vermeld besonderhede van
*eenheid / reg op 'n uitsluitlike gebruiksgebied / reg bedoel in artikel 25(1)) wat deur my kragtens **
..... gehou word, doen hierby aansoek om:-

* sertifikaat van geregistreerde deeltitel / sertifikaat van reg op 'n uitsluitlike gebruiksgebied /
sertifikaat van reg bedoel in artikel 25(1) ten opsigte van my
(vermeld grootte van aandeel) aandeel in gemelde *eenheid / reg op 'n uitsluitlike gebruiksgebied /
reg bedoel in artikel 25(1);

* 'n sertifikaat van reg op uitsluitlike gebruiksgebied vir doeleindes van die uitreiking van 'n
afsonderlike titelakte soos bedoel in artikel 27(7)(a) ten opsigte van
(vermeld besonderhede van regte tot uitsluitlike gebruiksgebiede)

.....
Applikant

.....
Datum en plek

* Laat weg wat nie van toepassing is nie.

** Vermeld tipe deeltitelbewys en die nommer daarvan

[Vorm I vervang deur GK R2653 van 1991 en GK R805 van 2011. Vervang deur GK R196 in SK36241 van 14 Maart 2013 en vervang deur GK R548 van SK38923 gedateer 30 Junie 2015 en gewysig deur Regulasie 5 van GK R883 van 14 Augustus 2020]

VORM J

Opgestel deur my

.....

TRANSPORTBESORGER

.....

(Vermeld volle naam en van in blokletters)

.....

(Vermeld Lidmaatskap Nommer van Regspraktykraad)

SERTIFIKAAT VAN GEREISTREERDE DEELTITEL UITGEREIK KRAGTENS ARTIKEL *15B(5)/15B(5A) VAN DIE WET OP DEELTITELS, 1986

Ek, Registrateur van Aktes te sertifiseer hierby dat die gereistreerde
eienaar is van 'n onverdeelde aandeel in 'n eenheid bestaande uit-

- (a) Deel No soos getoon en volledig beskryf op Deelplan No SS....., in die skema
bekend as, ten opsigte van die grond en gebou of geboue geleë te **,
van welke deel die vloeroppervlakte, volgens genoemde deelplan, vierkante
meter groot is; en
- (b) 'n onverdeelde aandeel in die gemeenskaplike eiendom in die skema aan genoemde deel
toegedeel ooreenkomstig die deelnemingskwota soos op genoemde deelplan aangeteken.

Gehou kragtens †

Die eenheid is onderworpe aan of word bevoordeel word deur-

- (i) die serwitute, ander saaklike regte en voorwaardes, indien enige, soos vervat in die
bylae van voorwaardes bedoel in artikel 11 (3) (b) en die serwitute bedoel in artikel 28
van die Wet op Deeltitels, 1986; en
- (ii) 'n verandering aan die gebou of geboue of aan 'n deel of aan die gemeenskaplike
eiendom op genoemde deelplan getoon.
- (iii) die volgende spesiale voorwaardes teen die titelakte geëndosseer of daarin opgeneem
is (indien enige):

.....
.....
.....

Geteken te op

.....

Registrateur van Aktes

Ampseël

* Laat weg wat nie van toepassing is nie.

** Vermeld naam van dorp/stad of voorstad of dorpsgebied en plaaslike bestuur/beskrywing van
plaas.

† Vermeld tipe deeltitelbewys/e en die nommer/s daarvan

[Vorm J vervang deur GK R2653 van 1991 en GK R805 van 2011, gewysig deur GK R196 van 2013, gewysig deur GK R548 van SK38923 gedateer 30 Junie 2015, gewysig deur GK R427 van 2017, gewysig deur GK R774 van 2018 en gewysig deur Regulasie 5 van GK R883 van 14 Augustus 2020.]

VORM K

[Vorm K geskrap deur GK R2653 van 1991.]

VORM L

Opgestel deur my

.....

TRANSPORTBESORGER

.....

(Vermeld volle naam en van in blokletters)

.....

(Vermeld Lidmaatskap Nommer van Regspraktykraad)

TRANSPORTAKTE

[Kragtens artikel 19 (3) van die Wet op Deeltitels, 1986]

Hierby word bekendgemaak:

NADEMAAL die hierondergenoemde grond onteien is deur (voeg die naam van die transportnemer hier in en haal die gesag aan) welke grond tans geregistreer is kragtens Deeltitelbewyse Nos in die registrasiekantoor te

EN NADEMAAL 'n sertifikaat ingevolge artikel 31 (4) (a) van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, aan my verstrekkend is deur die transportnemer ten effekte dat daar voldoen is aan die bepalings van enige wet in verband met die verandering van eiendomsreg op die grond ten gevolge van die onteiening;

SO is dit dat kragtens die bevoegdheid my by artikel 19 van die Wet op Deeltitels, 1986, ek, die Registrateur van Aktes te, hierby transporteer in volle en vrye eiendom aan en ten gunste van (voeg die naam van die transportnemer hier in) (voeg die beskrywing van die eiendom wat oorgedra word hier in en verwys na die kaart wat daarby aangeheg is, of die kaartakte en titelvoorwaardes).

DERHALWE word die geregistreeerde eienaars geheel en al van die besit van gemelde grond onthef en is hulle nie meer daartoe geregtig nie en kragtens hierdie akte is genoemde transportnemer (voeg die naam van die transportnemer hier in) nou daartoe geregtig behoudens die regte van die Staat.

Geteken te op

Registrateur van Aktes

Ampseël

VORM M

Opgestel deur my

.....

TRANSPORTBESORGER

.....

(Vermeld volle naam en van in blokletters)

.....

(Vermeld Lidmaatskap Nommer van Regspraktykraad)

AKTE VAN SESSIE VAN (voeg hier in serwituut of regte) KRAGTENS ARTIKEL 19 (3) VAN DIE WET OP DEELTITELS, 1986

NADEMAAL die ondervermelde (meld serwituut of ander regte) onteien
is deur (meld gesag) oor/in en op 'n gedeelte/die grond inbegrepe in die gemeenskaplike
eiendom in die skema bekend as No, geleë te (vermeld naam van
plaaslike bestuur), welke tans geregistreer is in die naam van
(vermeld naam van houer van serwituut of ander reg) kragtens (meld titel en nommer);

EN NADEMAAL 'n sertifikaat kragtens artikel 32 (4) van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, deur die
sessionaris aan my verstrek is ten effekte dat daar voldoen is aan die bepalings van enige wet in
verband met die onteiening van sodanige (serwituut of ander reg);

SO is dit dat, kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 19 van die Wet, ek, die Registrateur van
Aktes te, hierby seeder aan vermeld naam van sessionaris)-

*1 (In die geval van 'n serwituut die
beskrywing of aard daarvan met verwysing na enige kaart, indien aangeheg.) Oor
(Beskrywing en grootte van grond.)

2 (In die geval van ander regte die beskrywing
daarvan.) in en op (Beskrywing en grootte van grond, met verwysing na kaart of
deelplan en bygaande regte indien enige.)

Ten bewyse waarvan ek, die voornoemde Registrateur, hierdie akte onderteken het te,
op

.....

Registrateur van Aktes

Ampseël

VORM N

[Vorm N geskrap deur GK R1422 van 1997.]

VORM O

[Vorm O geskrap deur GK R497 in SK44700 van 11 Junie 2021]

VORM P

Opgestel deur my

.....

TRANSPORTBESORGER

.....

(Vermeld volle naam en van in blokletters)

.....

(Vermeld Lidmaatskap Nommer van Regspraktykraad)

SERTIFIKAAT VAN GEREISTREERDE DEELTITEL KRAGTENS ARTIKEL 22 (5) VAN DIE WET OP DEELTITELS, 1986

Aangesien aansoek
gedoen het om die onderverdeling van Deel No, soos getoon en vollediger beskryf op Deelplan No
SS....., in die skema bekend as ten opsigte van die grond en gebou of geboue
geleë te *..... en gehou kragtens † ooreenkomstig 'n plan van onderverdeling;

En aangesien die deelplan van onderverdeling deur my gereistreer is as Deelplan No SS.....

Derhalwe sertifiseer ek, Registrateur van Aktes te hierby dat voornoemde
die gereistreerde eienaar is van 'n eenheid bestaande uit-

- (a) Deel No....., soos getoon en vollediger beskryf op genoemde deelplan, in die skema
bekend as ten opsigte van die grond en gebou of geboue geleë te
*..... van welke deel die vloeroppervlakte volgens genoemde deelplan
vierkante meter groot is; en
- (b) 'n onverdeelde aandeel in die gemeenskaplike eiendom in die skema aan genoemde deel
toegedeel ooreenkomstig die deelnemingskwota soos op genoemde deelplan aangeteken.

Die eenheid is onderworpe aan of word bevoordeel deur-

- (iii) die serwitute, ander saaklike regte en voorwaardes, indien enige, soos vervat in die
bylae van voorwaardes bedoel in artikel 11 (3) (b) en die serwitute bedoel in artikel 28
van die Wet op Deeltitels, 1986; en
- (ii) enige verandering aan die gebou of geboue of 'n deel of die gemeenskaplike eiendom
op genoemde deelplan getoon.

- (iii) (Voeg die spesiale voorwaardes opgelê, teen die titel geëndosseer of daarin opgeneem)

Geteken te op

.....
Registrateur van Aktes

Ampseël

* Vermeld naam van dorp/stad of voorstad of dorpsgebied en plaaslike bestuur/beskrywing van plaas

† Vermeld tipe deetitelbewys/e en die nommer/s daarvan

[Vorm P vervang deur GK R2653 van 1991 en gewysig deur GK R196 van 2013, gewysig deur GK R548 van SK38923 gedateer 30 Junie 2015, gewysig deur GK R427 van 2017 en GK R774 van 2018 en gewysig deur Regulasie 5 van GK R883 van 14 Augustus 2020.]

VORM Q

Opgestel deur my

.....

TRANSPORTBESORGER

.....

(Vermeld volle naam en van in blokletters)

.....

(Vermeld Lidmaatskap Nommer van Regspraktykraad)

SERTIFIKAAT VAN GEREISTREERDE DEELTITEL KRAGTENS ARTIKEL 23 (5) VAN DIE WET OP DEELTITELS, 1986

Aangesien aansoek gedoen het om die konsolidasie van sy Dele Nos soos getoon en vollediger beskryf op Deelplan No SS..... in die skema bekend as, ten opsigte van die grond en gebou of geboue geleë te *..... en gehou kragtens †, ooreenkomstig 'n deelplan van konsolidasie;

En aangesien die plan van konsolidasie deur my gereistreer is as Deelplan No SS.....

Derhalwe sertifiseer ek, Registrateur van Aktes te, nou hierby dat voornoemde die gereistreerde eienaar is van 'n eenheid bestaande uit-

- (a) Deel No, soos getoon en vollediger beskryf op die genoemde deelplan, in die skema bekend as ten opsigte van die grond en gebou of geboue geleë te *....., van welke deel die vloeroppervlakte volgens genoemde deelplan vierkante meter groot is; en
- (b) 'n onverdeelde aandeel in die gemeenskaplike eiendom in die skema aan genoemde deel toegedeel ooreenkomstig die deelnemingskwota soos op genoemde deelplan aangeteken.

Die eenheid is onderworpe aan of word bevoordeel deur-

- (i) die serwitute, ander saaklike regte en voorwaardes, indien enige, soos vervat in die bylae van voorwaardes bedoel in artikel 11 (3) (b) en die serwitute bedoel in artikel 28 van die Wet op Deeltitels, 1986; en
- (ii) enige verandering aan die gebou of geboue of 'n deel of die gemeenskaplike eiendom op genoemde deelplan getoon.
- (iii) (Voeg in die spesiale voorwaardes teen die titelakte geëndosseer of daarin opgeneem.)

Geteken te op

Registrateur van Aktes

Ampseël

* Vermeld naam van dorp/ stad of voorstad of dorpsgebied en plaaslike bestuur/beskrywing van plaas

† Vermeld tipe deeltitelbewys/e en die nommer/s daarvan

[Vorm Q vervang deur GK R2653 van 1991 en gewysig deur GK R196 van 2013, gewysig deur GK R548 van SK38923 gedateer 30 Junie 2015, gewysig deur GK R427 van 2017 en GK R744 van 2018 en gewysig deur Regulasie 5 van GK R883 van 14 Augustus 2020.]

VORM R

Opgestel deur my

.....

TRANSPORTBESORGER

.....

(Vermeld volle naam en van in blokletters)

.....

(Vermeld Lidmaatskap Nommer van Regspraktykraad)

SERTIFIKAAT VAN SAAKLIKE REGTE KRAGTENS ARTIKEL 25 (6) VAN DIE WET OP DEELTITELS, 1986

Aangesien die reg om die skema uit te brei by die regpersoon van berus kragtens die bepalings van artikel 25 (6) van die Wet;

Derhalwe sertifiseer ek, Registrateur van Aktes te, hierby dat ooreenkomstig die bepalings van gemelde Wet die gemelde regpersoon die geregistreerde houer is van die reg om van tyd tot tyd *..... op te rig en te voltooi op die aangewese gedeelte van die gemeenskaplike eiendom soos aangetoon op die plan [soos bedoel in artikel 25 (2) (a) van die Wet] in hierdie kantoor geliasseer, en om –

** sodanige gebou of geboue te verdeel in 'n deel of dele en gemeenskaplike eiendom, en om die reg van uitsluitlike gebruik op gedeeltes van sodanige gemeenskaplike eiendom toe te ken aan die eienaar of eenaars van een of meer van die eenhede in die skema bekend as, ten opsigte van die grond en gebou of geboue geleë te + en getoon op Deelplan No SS.....;

** uitsluitlike gebruiksgebiede op of in bepaalde gedeeltes van die grond en geboue ingevolge artikel 5(3)(f) te skets en om die reg tot uitsluitlike gebruik oor daardie gebiede te verleen aan die eienaar of eenaars van een of meer dele in die skema bekend as, ten opsigte van die grond en gebou of geboue geleë te † en getoon op Deelplan No SS.....

Geteken te op

.....
Registrateur van Aktes

Ampseël

* Vermeld tydperk van uitbreiding en watter regte, d.i. artikkel 25(1)(a), (b) of (c) voorbehou is.

** Skrap wat nie van toepassing is nie.

† Vermeld naam van dorp/stad of voorstad of dorpsgebied en plaaslike bestuur/beskrywing van plaas.

[Vorm R vervang deur GK R2653 van 1991, gewysig deur GK R196 van 2013, vervang deur GK R548 van SK38923 gedateer 30 Junie 2015, gewysig deur GK R427 van 2017, gewysig deur GK R774 van 2018 en gewysig deur Regulasie 5 van GK R883 van 14 Augustus 2020.]

VORM S

[Vorm S vervang deur GK R60 van 1993 en geskrap deur GK R1422 van 1997.]

VORM T

[Vorm T vervang deur GK R60 van 1993 en geskrap deur GK R1422 van 1997.]

VORM U

[Vorm U geskrap deur GK R2653 van 1991.]

VORM V

Vorm V is geskrap deur die Wet op Deeltitels, 1986: Wysiging van Regulasies Staatskoerant No 40842 gedateer 12 Mei 2017.

VORM W

SERTIFIKAAT VAN INSTELLING VAN 'N REGSPERSOON KRAGTENS DIE BEPALINGS VAN ARTIKEL 2(1) VAN DIE "SECTIONAL TITLES SCHEMES MANAGEMENT ACT 8 OF 2011"

Opgestel deur my

.....
TRANSPORTBESORGER

.....
(Vermeld volle naam en van in blokletters)

.....
(Vermeld Lidmaatskap Nommer van Regspraktykraad)

Ek, Registrateur van Aktes te, sertifiseer hierby dat 'n regspersoon genaamd die Regspersoon van dieskema, No....., geag word ingestel te wees met ingang van.....

Geteken te op

Registrateur van Aktes

Ampseël

[Vorm W vervang deur GK R60 van 1993, vervang deur GK R830 van 2000, gewysig deur GK R196 van 2013, gewysig deur GK R427 in SK40842 gedateer 12 Mei 2017 en gewysig deur Regulasie 5 van GK R883 van 14 Augustus 2020.]

VORM X

Die Registrateur van Aktes

KENNISGEWING KRAGTENS ARTIKEL 17(9) VAN DIE "SECTIONAL TITLE SCHEME MANAGEMENT ACT 8 OF 2011"

Ons, en, trustees van die Regspersoon van die skema bekend as..... No....., gee hierby kennis dat ingevolge artikel 17 van die "Sectional Titles Schemes Management Act, 2011" die gebou of geboue beskadig is of geag word vernietig te wees soos bedoel in artikel 17 (1) van die Wet, deurdat..... (vermeld waarom die gebou of geboue beskadig is of geag word vernietig te wees), en dat die eienaars by *eenparige besluit/hofbevel gemagtig is om die gebou of geboue * in geheel/gedeeltelik te herbou en te herstel en om die belang van eienaars wie se dele in geheel of gedeeltelik vernietig is aan die ander eienaars oor te dra.

Die volgende dokumente is aangeheg:

- (a) 'n Afskrif van die eenparige besluit, deur ons gesertifiseer, of
- (b) 'n Afskrif van die hofbevel gesertifiseer deur die griffier van die Hof; en

Posadres:
.....

Trustee.
.....

Trustee.
.....

Datum

* Skrap wat nie van toepassing is nie.
Skrap (a) of (b)

[Vorm X vervang deur GK R60 van 1993, vervang deur GK R427 in SK 40842 gedateer 12 Mei 2017.]

VORM Y

Registrateur se nommer van deelplan SS

Die Registrateur van aktes

KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 49 (1) VAN DIE WET OP DEELTITELS, 1986

Ons, en, trustees van die Regspersoon van die skema bekend as No....., gee hierby kennis dat die gebou of geboue ingevolge artikel 17 van die "Sectional Title Schemes Management Act, 2011" geag word vernietig te wees deurdat (vermeld waarom die gebou of geboue geag word vernietig te wees) en dat die eienaars by eenparige besluit besluit het om nie die gebou of geboue te herbou nie.

Die volgende dokumente is aangeheg:

- (a) 'n Afskrif van die eenparige besluit van die eienaars dat die gebou of geboue geag word vernietig te wees, soos deur ons gesertifiseer, * tesame met die skriftelike toestemming van die houters van geregistreerde deelverbande en die toestemming van persone met geregistreerde saaklike regte soos bepaal in artikel 17(1)(b) van die "Sectional Title Schemes of
- *(b) 'n afskrif van die hofbevel dat die gebou of geboue geag word vernietig te wees, gesertifiseer deur die griffier van die Hof; en
- (c) 'n afskrif van 'n eenparige besluit van die eienaars om nie te herbou nie, soos bepaal in artikel 17(3)(a) van die "Sectional Titles Schemes Management Act, 2011", deur ons gesertifiseer.

Posadres:

Trustee

Trustee

Datum.

* Skrap wat nie van toepassing is nie.

[Vorm Y vervang deur GK R60 van 1993, vervang deur GK R427 in SK 40842 gedateer 12 Mei 2017.]

VORM Z

Opgestel deur my

.....

TRANSPORTBESORGER

.....

(Vermeld volle naam en van in blokletters)

.....

(Vermeld Lidmaatskap Nommer van Regspraktykraad)

DEELVERBAND WAARKRAGTENS *'N EENHEID/'N UITSLUITLIKE GEBRUIKSGBIED/DIE REG VAN UITBREIDING VAN 'N SKEMA/ANDER GEREGISTREERDE SAAKLIKE REGTE VERHIPOTEKEER WORD

Ek, die ondergetekende (hieronder die verbandgewer genoem) verklaar hierby dat ek wettiglik verskuldig is aan en gebonde is teenoor (hieronder die verbandnemer genoem)

die bedrag van (in woorde en syfers) en (in woorde en syfers).. synde die addisionele bedrag in die aangehegte voorwaardes genoem, ontstaande uit en synde en as sekuriteit vir bogenoemde

Ek verbind hierby as 'n + verband, onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die aanhangsel tot hierdie verband*.

(1) * 'n Eenheid bestaande uit-

- (a) Deel No, soos getoon en vollediger beskryf op Deelplan No SS..... in die skema bekend as ten opsigte van die grond en gebou of geboue geleë te +, van welke deel die vloeroppervlakte, volgens genoemde deelplan, vierkante meter groot is; en
- (b) 'n onverdeelde aandeel in die gemeenskaplike eiendom in die skema aan genoemde deel toegedeel in ooreenstemming met die deelnemingskwota soos op genoemde deelplan aangeteken.

Gehou kragtens ** en onderhewig aan sodanige voorwaardes soos uiteengesit in gemelde **

(2) * 'n Uitsluitlike gebruiksgebied beskryf as No....., groot, synde 'n gedeelte van die gemeenskaplike eiendom, bevattende die grond en die skema bekend as ten opsigte van die grond en gebou of geboue geleë te +, soos getoon en vollediger beskryf op Deelplan No SS..... gehou kragtens ** en onderhewig aan sodanige voorwaardes soos uiteengesit in gemelde **

(3) * Die reg om van tyd tot tyd binne 'n tydperk van vir *my/ons persoonlike rekening § op die bepaalde deel van die gemeenskaplike eiendom soos getoon op die plan [soos bedoel in artikel 25 (2) (a) van die Wet] op te rig en te voltooi en om sodanige gebou of geboue in 'n deel of dele en gemeenskaplike eiendom te verdeel en om die reg tot uitsluitlike gebruik oor gedeeltes van daardie gemeenskaplike eiendom aan die eienaar of eienaars van een of meer dele te verleen ten opsigte van die grond beskryf as en in die skema bekend as ten opsigte van die grond en gebou of geboue geleë te + soos getoon op Deelplan No SS..... en gehou kragtens ** en onderhewig aan sodanige voorwaardes soos uiteengesit in gemelde **

Geteken te op

Verbandgewer of sy behoorlik gemagtigde agent

Voor my

.....

Transportbesorger

Geregistreer te op

.....

Registrateur van Aktes

Ampseël

Die aanhangsel by die verband moet aan die einde daarvan deur die verbandgewer sowel as deur die transportbesorger onderteken word en wanneer dit uit meer as een bladsy bestaan, moet elke bykomende bladsy deur die genoemde partye geparafeer word. Die vorm moet aangepas word indien ander saaklike regte verbind word. (Volg die beskrywing van die saaklike reg soos wat in die title van die reg beskryf word.)

* Laat weg wat nie van toepassing is nie.

† Voeg rangskikkingklousule in.

‡ Vermeld naam van dorp/stad of voorstad of dorpsgebied en plaaslike bestuur/beskrywing van plaas.

§ Vermeld welke reg, d.i. artikel 25(1)(a), (b) of (c).

**Vermeld tipe deeltitelbewys/e, notariële aktes en die nommer/s daarvan.

[Vorm Z vervang deur GK R2653 van 1991, vervang deur GK R291 van 2010, gewysig deur GN R196 van 2013, gewysig deur GK R427 van 2017, gewysig deur R774 van 2018 en gewysig deur Regulasie 5 van GK R883 van 14 Augustus 2020.]

VORM AB

[Vorm AB vervang deur GK R2345 van 1990 en deur GK R2653 van 1991 en geskrap deur GK R830 van 2000.]

VORM AC

VOORBEELD VAN EERSTE VEL

Deelplan No SS VEL 1 L.G. No D

Geregistreer te

VAN VELLE GOEDGEKEUR

(Registreur van Aktes) namens Landmeter-generaal

Datum Datum

NAAM VAN SKEMA:

BESKRYWING VAN GROND VOLGENS * KAART/ALGEMENE PLAN:

* KAART/ALGEMENE PLAN No:

NAAM VAN PLAASLIKE BESTUUR:

PLAASLIKE BESTUUR SE VERWYSIGINGSNOMMER:

BESKRYWING VAN GEBOU(E):

OORSKRYDINGS OP DIE GROND: * JA/NEE

* CAVEAT MET BETREKKING TOT UITBREIDING VAN SKEMA:

* UITSLUITLIKE GEBRUIKSGBIED(E):

SERTIFIKAAT:

Ek,, sertifiseer hierby dat ek vel tot en met van hierdie deelplan opgestel het volgens opmeting ooreenkomstig met die bepalings van die Wet op Deeltitels, 1986, en die regulasies daarkragtens uitgevaardig.

Datum Geteken * Landmeter/Argitek
Registrasienommer Adres

Meetstukke:	Kompilasie:	Algemene Plan:
-------------	-------------	----------------

Verklarende notas:

(a) *Laat weg wat nie van toepassing is nie.

(b) Aparte sertifikate word benodig wanneer 'n argitek ook betrokke is.

VORM AD

WET OP DEELTITELS, 1986 GEEN DEEL VAN GEBOU(E) VIR WOONDOELEINDES VERHUUR NIE

BEËDIGDE VERKLARING

Ek, die ondergetekende,, verklaar hiermee onder eed soos volg:

- 1 Die Ontwikkelaar in die deeltitelontwikkelingskema bekend as, geleë op Erf in die dorp ("die skema"), is
